Downloaded from Stanmorephysics.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

AFRIKAANS HUISTAAL V1

MEI/JUNIE 2026

PUNTE: 70

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

Kopiereg voorbehou

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Leesbegrip (30)
   AFDELING B: Opsomming (10)
   AFDELING C: Taalstrukture en -konvensies (30)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep ná elke afdeling.

5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop ná elke antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1

Lees en kyk na die volgende tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg.

TEKS A: ARTIKEL

DIE TOEKOMS VAN DIE MENSDOM HANG AAN 'N DRAADJIE

Die meeste van die aarde se lewegewende eienskappe is naby breekpunt.

1 "Ons is op die rand van 'n onomkeerbare klimaatkrisis. Ons ervaar sonder twyfel 'n globale noodtoestand." Só lui die inleiding tot die jongste klimaatverslag, "The 2024 State of the Climate Report" wat in die *BioScience*-tydskrif gepubliseer is.

2 Die 14 outeurs van die verslag (onder wie proff. William Ripple van die Departement Bosbou-ekostelsels aan die Oregon-Universiteit, Sefan Rahmstorf van die Instituut vir Navorsing oor Klimaatimpak aan die Potsdam-Universiteit in Duitsland, en Michael Mann van die Departement van Omgewingswetenskap aan die Universiteit van Pennsilvanië) skryf: "Ons betree nou 'n onbekende, nuwe fase van die klimaatkrisis."

3 In 2023 het hulle 35 van die aarde se lewegewende eienskappe (bv. water, oseane, atmosfeer, temperatuur, chemiese samestelling) gemeet en bevind 25 daarvan is in 'n "kritieke toestand".

4 Hierdie bevindinge is nie 'n verrassing nie: Daar is vir langer as vyf dekades voorspel dat die klimaat drasties gaan verander – nog voordat daar enige tekens daarvan was. Ten spyte van al hierdie waarskuwings is die mens steeds besig om in die verkeerde rigting te beweeg: uitlaatgasse weens die verbranding van olie, steenkool en gas het in 2023 en 2024 'n hoogtepunt bereik.

5 Boonop neem die wêreldbevolking daagliks met sowat 200 000 mense toe. Die getal skape en beeste op aarde neem elke dag met sowat 170 000 toe. Al hierdie faktore dra by tot die ongelooflike hoeveelheid kweekhuisgasse wat in die atmosfeer is. Die inperking van kweekhuisgasse is een van die sake waartoe wêreldleiers hulle reeds verbind het. Tog lyk dit asof die aarde se temperatuur teen die einde van die eeu gemiddeld 2,7 °C hoër gaan wees.

6 Die verslag beskryf hierdie toename in kweekhuisgasse as tragies. Die planeet se klimaat is onherroeplik verander, in 'n mate wat nog nooit in die geskiedenis gesien of ervaar is nie. Hierdie vinnige klimaatveranderinge veroorsaak dat die mens ooggetuies word van die werklikheid wat voorspel is.

7 Wetenskaplikes het 28 kantelpunte (wanneer 'n belangrike besluit geneem moet word voordat die situasie heeltemal handuit ruk) geïdentifiseer. Van die kommerwekkende feite wat uitgelig is, sluit in: Die verbranding van veral steenkool wat van 2022 tot 2023 met 1,5% gestyg het en die verbruik van fossielbrandstowwe vir energie wat steeds 14 keer hoër as dié van son- en windenergie is. Die temperatuur van die aarde styg gevolglik teen 'n tempo. Dit blyk dat 2024 die warmste jaar was sedert daar in 1850 met temperatuurmetings begin is.

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

8 Verder is klimaatverandering in die Arktiese gebied besig om die hidrologie te verander. Wetenskaplikes het opgemerk dat die water in Arktiese strome selfs besig is om te verkleur. Dit is oranje weens yster en ander giftige metale wat daarin beland as gevolg van die smelting van grondys.

9 Klimaatverandering is ook verantwoordelik vir verdorring. Verdorring is nie 'n sinoniem vir droogte nie. Dit is 'n permanente "toestand" waar lewensbelangrike vog afwesig is. "Droogtes eindig. Verdorring nie." Van 1990 tot 2020 het 4,3 miljoen km² van die aarde se grondgebied verdor.

10 Die navorsers sê as die internasionale gemeenskap nie gou van fossielbrandstowwe onafhanklik word nie, sal nog 3% van die wêreld se vogtigste gebiede in die volgende paar dekades verdor. Dit kan tot hongersnood en waternood lei, intense sand- en stofstorms, wegholbrande, siektes onder mens en dier, asook grootskaalse menslike migrasie. Daar word verwag dat 216 miljoen mense in ses streke van die wêreld voor 2050 na 'n ander plek in hulle land sal moet verhuis.

11 Navorsers stel voor dat die verbranding van olie, gas en steenkool en die oorverbruik van hulpbronne onmiddellik gestaak moet word. Metaanuitlaatgasse moet drasties verminder word. Mense moet eerder na 'n dieet van plante oorskakel.

12 Elise Tempelhoff, 'n omgewingsjoernalis, voel dat die verlede ons ingehaal het: Hoe koop jy skoon lug, water vir 'n rivier wat opgedroog het, of 'n spesie wat uitgesterf het? Moeder Aarde sê nou aan haar agtduisend miljard inwoners sy het genoeg gehad.

13 Volgens Elise waarsku Moeder Aarde dat sy genoeg gehad het van "vooruitgang" ter wille van geld. Sy het genoeg gehad van olie en gas wat uit haar binneste gepomp word, en van steenkool wat uit haar riviere, vleie en grasvelde gegrawe word om verbrand te word. Sý moes reeds te veel reënwoude prysgee. Daarom veg sy terug met storms, orkane, droogtes, brande, gletsers wat smelt en seevlakke wat styg. Só maak sy die lewe vir ons hier, in ons enigste huis, ondraaglik.

14 Wat nou?

15 Ons sal hand in eie boesem moet steek en met minder tevrede moet wees. Minder is genoeg.


[Aangepas uit https://www.netwerk24.com/20241126 en https://www.netwerk24.com/20241217-4]

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

TEKS B: VISUELE TEKS

1. AANGESIEN ONS NIKS SINVOLS AAN DIE
2. KLIMAATVERANDERING DOEN NIE, IS DIT GERUSSTELLEND
3. OM TE WEET DIE AARDE KAN STAATMAAK OP ...
4. **PLANEET B OM ONS TE RED!**



[Aangepas uit www.cartoonstock.com/directory/e/environmental_change.asp]

VRAE: TEKS A

1.1 Verwys na die titel, subtitel en paragraaf 1.

Skryf TWEE AFSONDERLIKE woorde uit paragraaf 1 neer wat enersyds die ernstige aard EN andersyds die omvang/grootte van die klimaatkrisis uithef. (2)

1.2 Verwys na paragraaf 3.

1.2.1 In watter opsig sou die weglating van die jaartal die artikel se trefkrag benadeel? (1)

1.2.2 Is die syfers wat genoem word genoegsaam om aan te dui dat die aarde in 'n noodtoestand is? Motiveer jou antwoord. (1)

1.2.3 Op watter manier sluit die inhoud van paragraaf 3 by die konnotatiewe betekenis van die titel aan? (1)

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.3 Verwys na paragraaf 4 en 5.

1.3.1 Watter afleiding kan oor die mense se reaksie op die voorspellings van die afgelope vyf dekades gemaak word? (1)

1.3.2 Watter DRIE faktore dra veral by tot die huidige rekordhoeveelheid kweekhuisgasse in die atmosfeer? (3)

1.4 "Die planeet se klimaat is onherroeplik verander ..." (Paragraaf 6)

Watter waarskuwing lê in dié woorde opgesluit? (1)

1.5 Waarom is dit ironies dat die mens 'n ooggetuie van die werklikheid word (paragraaf 6)? (1)

1.6 Verwys na paragraaf 7.

Met watter TWEE kommerwekkende feite bewys wetenskaplikes hulle siening oor die klimatologiese noodtoestand? Watter oplossing vir die opwekking van energie word geïmpliseer? (3)

1.7 Die klimaatverandering in die Arktiese gebied hou gelukkig nie vir Suid-Afrikaners gevolge in nie.

Evalueer die geldigheid van hierdie stelling. (1)

1.8 Verwys na paragraaf 9 en 10.

1.8.1 Waarom behoort die woorde: "Droogtes eindig. Verdorring nie." 'n skokkende uitwerking op die leser te hê? (1)

1.8.2 Watter VIER positiewe gevolge sal dit vir die mens hê, indien verdorring verhoed word? (4)

1.9 Is die invoeging van die retoriese vraag in paragraaf 12 effektief? Motiveer jou antwoord. (1)

1.10 Dink jy die personifikasie van "Moeder Aarde" in paragraaf 12 is geslaagd? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

1.11 Verwys na paragraaf 13.

Op watter manier, volgens paragraaf 13, sal die mens bewys dat hy/sy "hand in eie boesem" (paragraaf 15) steek? (1)

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

VRAE: TEKS B

1.12 Watter visuele aanduidings toon TWEE vernietigende uitwerkings van klimaatverandering op die aarde? Dink jy die insluiting van die woorde in reëls 1 tot 4 is noodsaaklik? Motiveer jou antwoord. (3)

1.13 Wat word oor die mense op die aarde geïmpliseer deur die feit dat sekere inwoners van Planeet B hulle nie op hulle planeet verwelkom nie? (1)

VRAAG: TEKS A EN B

1.14 Verwys na die TWEE persepsies oor mense in spraakborrel C: "te veel" en "te gulsig" EN paragraaf 11 en 12 van TEKS A.

Bewys dié persepsies oor mense (TEKS B) met TWEE afsonderlike aanhalings van DRIE opeenvolgende woorde elk uit paragraaf 11 en 12 van TEKS A. (2)

TOTAAL AFDELING A: 30

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van die **SEWE riglyne wat jy moet volg om goeie werksverhoudings te verseker**.

LET WEL:
1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as **90 woorde** beslaan nie.
2. Jy moet EEN samehangende paragraaf skryf.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
4. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

TEKS C

DIE WAARDE VAN GOEIE WERKSVERHOUDINGS

Om te werk is 'n voorreg, maar werk raak soms 'n las wanneer jy sukkel om met jou kollegas oor die weg te kom. Mense is sosiale wesens en dit is logies dat goeie verhoudings met kollegas tot groter produktiwiteit en lewensgeluk sal bydra. Hou die volgende riglyne in gedagte vir goeie verhoudings in die werkplek:

Eerstens moet jy onthou dat almal wat saam met jou werk 'n gemeenskaplike doel moet nastreef. Wanneer jy die gemeenskaplike doelwit bepaal het, moet julle doelgerig saamwerk om dit te bereik. Dit sal baie help om sterker en meer produktiewe werksverhoudings met ander te vestig. Selfs kleiner maatskappye met net vier of vyf personeellede kan nie bekostig om nie saam te werk nie.

Vertroue is seker die belangrikste bousteen in enige verhouding. Dit geld uiteraard ook by die werk. Onderlinge vertroue tussen kollegas skep 'n hegte band wat tot goeie samewerking en kommunikasie lei.

Diversiteit is die verskillende denkwyses waarvolgens mense hulle omgewing beleef. Faktore wat tot diversiteit kan bydra, is ouderdomsverskille, opvoeding en ook geslags- en rasverskille. Ten spyte van die verskille in denkrigtings moet mense mekaar se standpunte en sienswyses leer aanvaar, deur dit na waarde te skat.

Voorts is dit belangrik om in die werkplek erkenning aan personeellede se inisiatiewe te gee, want dan voel werknemers vry om spontaan met nuwe idees vorendag te kom. Dit is ook belangrik om te alle tye betroubaar te wees, sodat jou toesighouers jou morele standaarde en werksetiek raaksien. As jy byvoorbeeld onderneem het om 'n ding te doen, doen dit betyds en na die beste van jou vermoë.

'n Werknemer wat goed by 'n span inpas, speel 'n reuserol in die bereiking van die doelwitte van die organisasie, omdat hy die hele span ondersteun om die doelwitte te bereik. Jy moet daarom altyd baie bewus wees van hoe jóú werk die span om jou beïnvloed.

As jy 'n positiewe gesindheid het, sal dit beslis daartoe bydra dat jou verhouding met jou kollegas 'n hupstoot kry.

Indien jy hierdie riglyne volg, sal jy bydra tot 'n produktiewe en samehorige werksomgewing.

[Aangepas uit www.leef.co.za]

TOTAAL AFDELING B: 10

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

VRAAG 3: ADVERTENSIE


Bestudeer die advertensie (TEKS D) en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS D

A

gefrustreerd opgewerk kwaad?

B



C

1. Kry vinnige, draadlose internet binne 48 uur!

2. Om vir 'n internet-aansluiting te wag, is amper so opwindend
3. soos om na verf wat droog word, te sit en kyk. Jy het iBurst nodig.
4. Dis vinnige, draadlose breëband-internet en e-pos teen slegs
5. R579 per maand (1 gig).

6. **Gratis modem. Gratis aktivering. Gratis aflewering.**

7. Geen inspanning nie. Grootste beloning.

8. **Onmiddellike, vinnige, draadlose internet.**
9. **www.iburst.co.za**

iBurst

[Aangepas uit *Weg*, Oktober 2016]

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

VRAE: TEKS D

3.1 Op watter manier word visuele tegnieke EN woordgebruik onderskeidelik in die opskrif (A) gebruik om aandag te trek? (2)

3.2 Identifiseer die woord in reëls 1 tot 3 (C) wat met die visuele beeld (B) kontrasteer. (1)

3.3 Dink jy die gebruik van die vergelyking in reël 2 en 3 (C) is geslaagd? Motiveer jou antwoord. (1)

3.4 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (3.4) en die letter (A–D) neer, bv. 3.4 E.

Die korrekte lettergreepverdeling vir "breëband" (reël 4) is …

A breë-band.
B bre-ë-band.
C bre-ëb-and.
D breë-ba-nd. (1)

3.5 Gee TWEE redes waarom die invoeging van reël 6 funksioneel is. (2)

3.6 Gebruik die basisvorm/stam van <u>beloning</u> (reël 7) in 'n verklarende sin. (1)

3.7 Daar is 'n kontrasterende verband tussen die wit strepe wat deur die woorde in die opskrif getrek is, en reël 8.

Bewys hierdie stelling. (1)

3.8 Waarom is iBurst se verwagting dat voornemende kliënte hulle per e-pos moet kontak, onrealisties? (1)
[10]

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

VRAAG 4: STROKIESPRENT

Bestudeer die strokiesprent (TEKS E) en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS E



[Aangepas uit https://www.gocomics.com/calvinandhobbes/2019/03/24]

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

VRAE: TEKS E

4.1 Watter visuele aanduiding is daar in RAAMPIE 1 dat Kareltjie se ma na hom roep? (1)

4.2 Wat word met die woord "weer" in RAAMPIE 3 geïmpliseer? (1)

4.3 Op watter manier maak die strokiesprentkunstenaar seker dat die onderwyseres se emosie in RAAMPIE 4 oorgedra word? (1)

4.4 Hoe word die boelie-stereotipering in RAAMPIE 5 deur middel van die visuele uitbeelding versterk? (1)

4.5 Verander die woord "speel" (RAAMPIE 6) na 'n teenwoordige deelwoord en gebruik dit in 'n verklarende sin. (1)

4.6 Verwys na RAAMPIES 6 tot 8.

Watter tipe sinne oorheers die ouers se kommunikasie met Kareltjie? Hoe word die ouers deur middel van hierdie woorde gekarakteriseer? (2)

4.7 Verwys na RAAMPIE 11 en 12.

Waarom is die verwagting wat die ma in RAAMPIE 11 skep ironies? (1)

4.8 Vind daar enige karakterontwikkeling by Kareltjie in hierdie strokiesprent plaas? Motiveer jou antwoord EN dui aan in watter opsig RAAMPIE 12 EN RAAMPIE 2 se woorde 'n ooreenkoms toon. (2)
[10]

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

VRAAG 5: ARTIKEL

Bestudeer die artikel (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS F

EK BESTEL (5.1) LIEFS 'N (5.2) UBER*, DANKIE.

1 Dit is senutergend om te leer motor bestuur. Abigail George onthou hoe sy aan die (5.3) diep kant van Gqeberha se besige strate ingegooi is.

2 Ek was sestien toe Ma my opgewonde vertel dat my eerste (5.4) motor buite staan. Dit was ons ou Ford Escort-rammelkas.

3 Die karretjie het min krag, maar knor pligsgetrou. En sy's stewig; 'n kar wat sandvoete én modderstewels ken en nie te deftig is om honde (5.5) veearts toe te neem nie.

4 My ma stop die sleutels in my hand om die motor te parkeer. Net toe ek agter die stuurwiel inskuif, verskyn my pa. Hy is (5.6) briesend. "Die kind is sestien! Parkeer dit self!"

5 Ek het jare daarna 'n paar (5.7) (ramp + spoed) bestuurslesse agter die rug, maar helaas, na vele probeerslae het ek moed opgegee. Die stres van leer bestuur in kombinasie met die vrees dat ek my ma se pronkskedonk dalk kon skade aandoen, was (5.8) die laaste strooi op hierdie ... se rug.

6 Twintig jaar later verkies ek om die bestuurdery nie baas te raak nie. Vriende en Uber-bestuurders kan maar die wiel vat; ek sal net saamry, dankie.

[Verwerk uit *Weg! Ry&Sleep*, Oktober–November 2023]

***Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT)*:**
***Uber** (U-ber) (<Uber, handelsnaam, <D über, verby, verder")
s.nw., Ubers. Motor met 'n bestuurder wat m.b.v. 'n spesiale app versoek en bespreek word om 'n passasier of passasiers op 'n spesifieke plek op te laai en teen 'n bepaalde tarief na 'n bestemming te vervoer: *'n Uber bespreek.*

VRAE: TEKS F

5.1 Skryf 'n sinoniem vir die woord "liefs" in die opskrif neer. (1)

5.2 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (5.2) en die letter (A–D) neer, bv. 5.2 E.

"Uber" is 'n voorbeeld van woordeskatuitbreiding deur middel van ...

A toutologie.
B kontaminasie.
C leengoed.
D erfgoed. (1)

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

5.3 "Abigail George onthou hoe sy aan die diep kant ingegooi is."

Skryf die intensiewe vorm van "diep" neer. (1)

5.4 Die woord "motor" (paragraaf 2) het twee meervoudsvorme.

Gee die korrekte meervoud van die woord binne konteks én gebruik die ander meervoudsvorm in 'n verklarende sin. (2)

5.5 Waarom word "veearts" sonder 'n koppelteken geskryf? (1)

5.6 Gee 'n sinoniem met minder gevoelswaarde vir "briesend" (paragraaf 4). (1)

5.7 "Ek het jare daarna 'n paar (ramp + spoed) bestuurslesse agter die rug"

Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies EN skryf die bywoordelike bepaling/frase van tyd in die sin neer. (2)

5.8 Voltooi die idiomatiese uitdrukking: "... die laaste strooi op hierdie ... se rug." (Paragraaf 5) (1)

[10]

TOTAAL AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 70

Kopiereg voorbehou

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

AFRIKAANS HUISTAAL V1

MEI/JUNIE 2026

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 70

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

AFDELING A: LEESBEGRIP

Nasien van die leesbegrip:

- Die fokus is op die begrip van die leesteks. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.)
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/bewys/motivering word oorweeg by die puntetoekenning.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoordantwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar by meervoudigekeuse-vrae BEIDE die ooreenstemmende letter met die korrekte antwoord EN/OF die volledige, uitgeskryfde antwoord.

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

AFDELING A: LEESBEGRIP

	VRAAG 1 ***(Sien binne konteks na; sien betekenis na, nie woorde/taalgebruik nie.)***	
Vraag	**Antwoord**	**Punt**
1.1	Ernstige aard: "onomkeerbare"/"noodtoestand" ✓ Grootte: "globale" ✓ *Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir een punt elk aan.*	1 1
1.2.1	Sonder die jaartal sou die leser nie geweet het hoe onlangs/aktueel hierdie navorsing gedoen is nie./ Sonder die jaartal sou die teks nie so geloofwaardig gewees het nie./ Sonder die jaartal sou die leser kon dink dat dit ou inligting is. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
1.2.2	Ja Die syfers dui aan dat 25 uit die 35/baie/die meeste/71% lewegewende eienskappe onder baie groot druk/kritiek is. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* *Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*	1
1.2.3	Paragraaf 3 sluit aan by "hang aan 'n draadjie" (titel) deur te verduidelik hoe groot die probleem is./dat die meeste "lewegewende" eienskappe in 'n "kritieke toestand" is./wat ook aandui dat die toekoms van die mensdom in groot gevaar verkeer. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* *Die kandidaat moet na die titel EN paragraaf 3 vir EEN punt verwys.*	1
1.3.1	Mense dink nie die probleem is so ernstig nie./het hulle nie aan die voorspellings gesteur nie./het die voorspellings geïgnoreer. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
1.3.2	(Toename in) uitlaatgasse/die verbranding van olie, steenkool en gas. ✓ Die wêreldbevolking/baie mense/die hoeveelheid mense neem (daagliks met sowat 200 000 mense) toe. ✓ Die getal/hoeveelheid skape en beeste (op aarde neem elke dag met sowat 170 000 toe)./baie skape en beeste. ✓ *Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.*	3
1.4	As die mens nie gehoor gee aan die oproepe om kweekhuisgasse te verminder nie,/planne begin maak om die situasie te hanteer nie,/proaktief begin optree om die planeet te "red" nie, sal die klimaat nog meer verander./nog meer tot nadeel van die mens/planeet verander. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* *Die kandidaat bied BEIDE kante van die waarskuwing vir EEN punt aan.*	1

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.5	(Omdat die mens ooggetuie is,) sal daar sal verwag word dat die mens sal optree/gehoor gee aan die waarskuwings/die voorspellings oor die gevolge van klimaatverandering/die gevaartekens ernstig sal opneem, MAAR hulle steur hulle nie daaraan nie./hou aan om in die verkeerde rigting te beweeg. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* *Die kandidaat moet BEIDE kante van die ironie vir EEN punt aanbied.*	1
1.6	Die verbranding van veral steenkool wat van 2022 tot 2023 met 1,5% gestyg het/ Die hoë verbruik van fossielbrandstowwe/ Die styging van die aarde se temperatuur ✓✓ *Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* **EN** (Die oplossing is geleë in) son-/windenergie. ✓	2 1
1.7	Nee, dit is nie geldig nie. Alhoewel dit SA nie direk raak nie, word ons indirek daardeur geraak, want dit kan na Suid-Afrika uitbrei./ Oseane word aangetas en Suid-Afrikaners eet seeprodukte./ Suid-Afrikaners moet steeds simpatie hê met die res van die wêreld./ Dit is selfsugtig om net aan ons eie belange te dink./ As die seevlakke in die Arktiese gebied styg, gaan dit SA ook raak. **OF** Ja, dit is geldig. Suid-Afrika is ver van die Arktiese gebied af. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
1.8.1	Die woorde laat die leser besef/konfronteer die leser met die realiteit dat verdorring 'n permanente uitwerking het./die skade onomkeerbaar is./erger as droogte is./nie soos droogte omkeerbaar is nie. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
1.8.2	Mense sal grond weer (na droogtes) kan red./kan benut./ Die mens sal nie onder hongersnood ly nie./ Die mens sal nie waternood ervaar nie./ Die mens sal nie wegholbrande beleef nie./ Die mens sal nie sand- en stofstorms beleef nie./ Die mens sal gesonder leef./sal nie soveel siektes kry nie./ Die mens sal nie hoef te migreer na ander plekke waar daar water is nie. ✓✓✓✓ *Die kandidaat bied VIER antwoorde vir EEN punt elk aan.*	4
1.9	Ja Die retoriese vraag dwing die leser om na te dink oor/direk betrek te word by die probleme rakende skoon lug./water wat opdroog./spesies wat uitsterf./ Die retoriese vraag laat die leser emosioneel betrokke voel, want hy/sy weet hy/sy kan nie antwoorde op die vrae oor die toekoms van die aarde gee nie./ Die retoriese vraag skok die leser/bring die leser tot die besef van die onmoontlikheid van 'n oplossing vir die klimaatkrisis./die realiteit van die klimaatkrisis. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* *Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*	1

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.10	Ja Die personifikasie lei daartoe dat die mens meer simpatie met Moeder Aarde het./ Die personifikasie beklemtoon die sterflikheid van die aarde./die mense se verbondenheid/afhanklikheid van die aarde./dat die aarde vir die mens 'n voedingsbron is. ✓✓ *Die kandidaat bied TWEE soortgelyke redes vir EEN punt elk aan.* *Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*	2
1.11	Die mens moet ophou om geld na te jaag ter wille van sogenaamde "vooruitgang"./ Die mens moet minder gas en olie uit die aarde pomp./ Die mens moet ophou om steenkool te delf./te verbrand./ Die mens moet ophou om (reën)woude te vernietig. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
1.12	Die bewegingstrepies aan die bokant (dui op die hitte/temperatuur wat verhoog./verdamping van water.)/ Die strepies aan die onderkant (skep die idee dat die aarde smelt./ys smelt.)/ Die mond wat groot oop is/uitbeelding van die oë wat lyk of dit hang/tranerig is (laat dit lyk asof die aarde siek is.) ✓✓ *Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* **EN** Ja Die woorde gee 'n aanduiding van waaroor die spotprent handel, naamlik klimaatverandering./agtergrondinligting oor klimaatverandering./Sonder die opskrif sou die leser nie mooi verstaan het dat die spotprent oor klimaat-verandering handel nie. **OF** Nee Die visuele saam met die spraakborrel gee vir die leser genoegsame inligting om die konteks dat die spotprent oor klimaatverwarming handel af te lei. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	2 1
1.13	Mense vernietig./is nie 'n bate vir Planeet B nie./nie ingestel op die red van 'n planeet nie./nie goed genoeg vir Planeet B nie./Mense sal daartoe aanleiding kan gee dat Planeet B ook ten gronde gaan. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
1.14	"Te veel": "Agtduisend miljard inwoners" ✓ "Te gulsig": "Oorverbruik van hulpbronne" ✓	2
		[30]

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

Nasien van die opsomming

- Die nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite in die teks wat met die vraag ooreenstem.
- Opskrif/Titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs riglyne wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.
- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totale punte: 10
- Verspreiding van punte vir taal wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe
- Verspreiding van punte vir taal wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het:
  - 6–7 direkte aanhalings: ken geen punte vir taal toe nie
  - 4–5 direkte aanhalings: ken 'n maksimum van 1 taalpunt toe
  - 2–3 direkte aanhalings: ken 'n maksimum van 2 taalpunte toe

LET WEL:

- Tel van woorde:
  - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - As die getal woorde oorskry is, lees tot by die laaste sin waarin die getal woorde oorskry word en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste aspekte bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

NASIENSIMBOLE			
V	Onvolledige sin	**H**	Herhaling
^	Onvolledige feit	**F**	Feitefout
A	Aanhaling	**S**	Stelling
LW:	Daar kan meer as een feit per sin in die paragraaf aangebied word.		

Kopiereg voorbehou
downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

MOONTLIKE PARAGRAAF

Dit is eerstens belangrik om doelgerig saam te werk vir die gemeenskaplike doelwit. Skep 'n vertroue/hegte band tussen kollegas en medewerkers. Leer ook om mense se standpunte/ sienswyses te aanvaar deur dit na waarde te skat. Jy moet ook erkenning in die werkplek gee aan personeellede se verskillende denkrigtings. Wees te alle tye betroubaar. Wees bewus van hoe jou werk die span om jou beïnvloed. Leer 'n positiewe gesindheid aan sodat jy jou verhouding met jou kollegas 'n hupstoot kan gee. [81 woorde]

OF

AANHALING UIT TEKS		MOONTLIKE BEWOORDING
"Wanneer jy die **gemeenskaplike doelwit** bepaal het, moet julle **doelgerig saamwerk** om dit te bereik."	A	Werk doelgerig saam./Probeer om 'n gemeenskaplike doelwit te bereik.
"Onderlinge **vertroue tussen kollegas** skep 'n hegte band ... "	B	Skep vertroue/'n hegte band/tussen kollegas (en medewerkers).
"Ten spyte van die verskille in denkrigtings moet mense **mekaar se standpunte en sienswyses leer aanvaar**, deur dit na waarde te skat."	C	Aanvaar mense se standpunte./sienswyses./ diversiteit./Beskou mense se verskillende standpunte as waardevol./sinvol.
"... die werkplek **erkenning aan personeellede se inisiatiewe te gee ...**"	D	Gee erkenning in die werkplek aan personeellede se inisiatiewe./idees.
"... om **te alle tye betroubaar te wees**, sodat ..."	E	Wees te alle tye betroubaar.
"... 'n ding te doen, doen dit **na die beste van jou vermoë.**"	F	Doen alles wat jy doen goed.
"Jy moet daarom altyd baie **bewus wees van hoe jóú werk die span om jou beïnvloed**."	G	Wees bewus van hoe jou werk die span om jou beïnvloed./Maak seker jy kan goed in spanverband saamwerk.
"As jy 'n **positiewe gesindheid** het, sal ... jou verhouding met jou kollegas 'n hupstoot kry."	H	Wees positief in die werksomgewing.
		Getal woorde: 71

TOTAAL AFDELING B: 10

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

Nasien van hierdie afdeling:

- Spelling:
  - Eenwoordantwoorde word nie gepenaliseer nie, al is die spelling nie korrek nie tensy die spelling die betekenis van die woord beïnvloed en/of spelling die aspek is wat geassesseer word.
  - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word die letter van die korrekte antwoord en/of die antwoord wat uitgeskryf is, as korrek aanvaar.

VRAAG 3: ADVERTENSIE

Vraag	Antwoord	Punt
3.1	Visuele tegnieke: Vetgedrukte woorde/ Groter lettertipe/ Verskillende skriftipes/font/ Die skaduwee (van die woord "opgewerk")/ Wit strepies (deur die woorde)/ Die omgekeerde piramidevorm waarin die woorde aangebied word ✓ *Die kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt aan.* **EN** Woordgebruik: (Sterk) emotiewe woorde/negatiewe woorde (soos gefrustreerd/opgewerk/kwaad) Die retoriese vraag (betrek die leser by die negatiewe emosies.)/ Die progressie in woordgebruik en woordkeuse (van "gefrustreerd" na "kwaad") (beklemtoon die woede en frustrasie wat vererger.) ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt elk aan.*	1 1
3.2	draadlose ✓	1
3.3	Ja Die verveling van mense wat na verf wat droog word, sit en kyk, sluit aan by die frustrasie wat mense met stadige of bedrade internet ervaar./ Die vergelyking stel die leser positief in teenoor die internetverskaffer/iBurst./ Die vergelyking versterk die advertensie se boodskap van 'n vinnige internetoplossing deur die oplossing/teendeel meer opvallend te maak. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* *Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*	1
3.4	B/bre-ë-band ✓	1

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

3.5	Die woord "gratis" in reël 6: Die herhaling van "gratis in reël 6 beklemtoon vir die leser dat hy/sy niks hoef te betaal nie./steeds uitstekende dienste kan ontvang al betaal hy/sy niks nie./ Die gebruik/herhaling van "gratis" manipuleer/oorreed die leser om die produk/iBurst aan te koop./ Die kort sinsdele: Die invoeging van reël 6 plaas die fokus op die belangrikste eienskappe van die advertensie deurdat slegs dié eienskappe genoem word./ Die vetgedrukte woorde: Die feit dat die woorde in reël 6 vetgedruk is, is 'n manipuleringstegniek om die leser te oorreed om na die internet oor te skakel./ Die alliterasie van die "g"-klank trek aandag na die gratis voordele. ✓✓ *Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*	2
3.6	Die arbeider is sy loon werd./ Dit sal jou verdiende loon wees as jy gestraf word./ Jou loon is weekliks R100./ Misdaad loon nie. ✓	1
3.7	Die onderbreekte wit strepe verwys na swak internetverbindings wat kontrasteer met "onmiddellike, vinnige draadlose internet" (van reël 8). ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* *Die kandidaat moet die kontrasterende verband tussen die wit strepe in die woorde van die opskrif en reël 8 aandui.*	1
3.8	Die teikenleser het juis stadige internet, MAAR nou word verwag hulle moet hierdie swak internetverbinding gebruik om met die maatskappy kontak te maak./ Daar is nie e-posadres nie. ✓	1
		[10]

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

VRAAG 4: STROKIESPRENT

Vraag	Antwoord	Punt
4.1	Haar mond is wyd oop./Sy hou haar hand langs haar mond./ Die aanduiding van die trapreling skep die indruk dat sy aan die onderpunt staan en boontoe roep. ✓ *Die kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt aan.*	1
4.2	Daar word geïmpliseer dat dit nie die eerste keer is dat hy laat is nie. ✓	1
4.3	Die onderwyseres se hande is agter haar rug gevou./in haar sye./Haar mond is groot oop./Haar bril vertoon haar groot oë./Die uitroepteken na haar woorde. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
4.4	Die boelie is groter as Kareltjie./ Hy tel Kareltjie met een hand op./ Hy wil vir Kareltjie slaan./Sy hand is in 'n vuisvorm./ Die gesigloosheid van die boelie ✓	1
4.5	Die spelende kinders is buite op die sportveld. ✓	1
4.6	Bevelsinne ✓ **EN** Die ouers word as streng/onsimpatiek/liefdeloos/oorheersend/baasspelerig/boelies uitgebeeld./ Die ouers word as haastig/te besig (om aandag aan Kareltjie te gee) uitgebeeld. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1 1
4.7	Die ma skep die verwagting dat Kareltjie met verwagting/opgewondenheid na die volgende dag sal uitsien, MAAR in werklikheid besef hy dat dit net soveel slegte/ negatiewe oomblikke as daardie dag sal inhou. ✓ *Die kandidaat bied BEIDE kante van die ironie vir EEN punt aan.*	1
4.8	Nee Kareltjie is steeds nie lus om die dag aan te pak nie./skool toe te gaan nie./voel steeds mismoedig./bang. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* *Die kandidaat kan nie 'n JA-antwoord aanbied nie.* **EN** In beide raampies se spraakborrels vra Kareltjie 'n retoriese vraag./ Kareltjie bedoel dieselfde met die woorde "Uh-huh?" as met "Regtig?"/ Die woord in RAAMPIE 12 is 'n sinoniem van die woord in RAAMPIE 2./ In beide raampies word dieselfde emosie met die woorde oorgedra. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1 1
		[10]

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

VRAAG 5: ARTIKEL

Vraag	Antwoord	Punt
5.1	liewer(s)/eerder/verkieslik/veelmeer ✓ *Die kandidaat moet die woord korrek spel.*	1
5.2	C/Leengoed ✓	1
5.3	kniediep/enkeldiep/afgronddiep ✓ *Die kandidaat moet die woord korrek spel.*	1
5.4.	motors ✓ **EN** Die motore van die vliegtuig/boot het probleme gegee. ✓ [*HAT*: motore – masjien/enjin wat beweegkrag verskaf.]	1 1
5.5	Die woord veearts/opeenhoping van klinkers kan nie verkeerd uitgespreek word nie. ✓	1
5.6	kwaad/ontsteld/vies/omgekrap/opgewerk/omgeëllie/omgesukkel ✓	1
5.7	rampspoedige ✓ *Die kandidaat moet die woord korrek spel.* **EN** jare daarna ✓	1 1
5.8	kameel ✓	1
		[10]

TOTAAL AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 70

Kopiereg voorbehou
downloaded from Stanmorephysics.com